higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N1300**(E)**(J11)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

PATROONKONSTRUKSIE N6

10010546)

11 Junie 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

BENODIGDHEDE: Wit tikpapier

Kandidate mag tekeninstrumente en sakrekenaars gebruik.

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye en 2 bylaes.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
PATROONKONSTRUKSIE N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. ALLE konsepontwerpe moet in vyfde skaal gedoen word, tensy anders vermeld.

5. GEEN los dele sal nagesien word nie.

6. Werk netjies.

7. ALLE konstruksie moet op wit tikpapier gedoen word en in die ANTWOORDBOEK geplaas word sodra dit voltooi is.

8. Gebruik SLEGS die blokke wat by hierdie vraestel aangeheg is.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Kies ’n term uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–W) langs die vraagnommer (1.1–1.20) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1	Patroonstuk wat aan neklyn gewerk word	A	meesterpatroon
1.2	Neklyn-posisie waar kraag oorrol	B	pylnaat
1.3	Styllyn slegs aan een kant	C	intrekplooitjies
1.4	Patroonstuk om die rand van ‘n mou netjies te maak	D	gradering
1.5	Volheid van rok in die middel	E	patroonlyne
1.6	Patroonstuk wat oor heupe pas	F	haaks maak
1.7	Konstruksielyne op basiese blokke	G	breeklyn
1.8	Basis van enige uitrusting	H	simmetries
1.9	Einde van skuinslyne	I	gulp
1.10	Laag kleedstof wat vas is aan die belegsel	J	asimmetries
1.11	Twee lyne wat ‘n oop spasie op die patroon vorm om 'n wig te skep	K	merkies
1.12	Teken lyne teen ‘n hoek	L	kepe
1.13	Skuif pylnate in ooreenstemming met verlangde ontwerp	M	tussenvoering
1.14	Stippellyn op finale patroon	N	manipulasie
1.15	Mou wat deel van die bostukblok vorm	O	plooie
1.16	Plek waar kraag gevou is	P	raglan
1.17	Proses om grootte van voltooide patroon te verander	Q	mouomslag
1.18	Area op lyfie waar armholte geleë is	R	armsgat
		S	heupval

Kopiereg voorbehou

1.19	'n Patroondeel wat die rits in broeke bedek.	T	belegsel
		U	skild
1.20	Ingerygde val wat aan die middellyn van 'n bloes gewerk word.	V	stiksellyn
		W	rollyn

(20 × 1) **[20]**

VRAAG 2

2.1 Verduidelik kortliks elk van die volgende terme:

2.1.1 Spilpunt

2.1.2 Vermenging

2.1.3 Die patroon bak trek

2.1.4 Patroonuitstipping

2.1.5 Waarmaking (*Trueing)*

(5 × 2) (10)

2.2 Noem TWEE tipes moue wat vir 'n damesbaadjie gemaak kan word. (4)

2.3 Noem DRIE tipes krae wat vir 'n damesbaadjie gemaak kan word. (3 × 2) (6)

2.4 Noem enige VYF mates wat nodig is om 'n basiese informele jasblok te maak. (10)
[30]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Gebruik 'n fynlynpen om die konstruksielyne te teken. Moenie die blokke uitsny nie. Plak elke blok in die ANTWOORDBOEK.

2. Daar word genoeg basiese blokke voorsien vir beplanning en manipulasie. Dit is dus nie nodig om enige van die blokke voor die beplanningstadium na te trek nie. Natrekking vind slegs na die beplanningstadium plaas.

3. Manipulasies moet direk in die ANTWOORDBOEK geplak word. Voeg naat- en soomspelings by, indien vereis.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3: DISPROPORSIE EN VERSTELLING

3.1 Die meeste kommersiële patrone bevat lyne of ‘n aanduiding waar die patroon verstel kan word.

Verduidelik kortliks waar en hoe die lyn in elk van die volgende gevoeg behoort te word:

3.1.1 Bolyf (2)

3.1.2 Romp (2)

3.1.3 Moue (4)

3.1.4 Broek (4)

3.2 Noem die reëls om die patroon van ‘n lyfie te verstel om dit langer, korter, wyer en nouer te maak. (8)

3.3 Tot hoeveel sentimeter kan ‘n patroon verstel word? (1)

3.4 Noem AGT figuurdisproporsies in ‘n menslike liggaam. (8 × 2) (16)
[37]

VRAAG 4

4.1 Verduidelik die volgende gradeerterme:

4.1.1 Gradeeromvang

4.1.2 Grootteprogressie

4.1.3 Graderingsinkremente

4.1.4 Uitsorteer


4.1.5 Stapeling

(5 × 2) (10)

4.2 Definieer *proporsionele gradering*. (3)
[13]

VRAAG 5

Gebruik die blok van 'n mansbroek op BYLAE A (aangeheg) om die manipulasie van die skets hier onder tot op vyfde skaal te doen.



5.1 Werkspatrone van broek se agterkant (sonder sakke) en juk. Geen soomspeling is nodig nie.

MATES

Gulpstuklengte	19 cm
Gulpstukwydte	5 cm
Lengte van sak	32 cm afwaarts van middellyn gemeet
Onderste wydte van sak	17 cm na links van synaat gemeet
Wydte van sakbelegsel	6 cm (verlengde belegsel van sakstyllyn

Teken greinlyne in en benoemdie patroonstukke. (13)

Dien die volgende in:

5.2 Beplanningstadium van die broek se voorkant met gulpopening en broeksak (18)

5.3 Beplanningstadium van broek se agterkant (sonder sakke) en agterste juk (19)
[50]

VRAAG 6: OPSTELLING

Gebruik BYLAE B wat aangeheg is vir die DAMESBOLYFBLOK en teken ‘n kimono-mou en hongaarse mou deur die volgende instruksies te gebruik:

6.1 KIMOMO-MOU

VOOR

A = 1,2 bokant skouerarmholte se punt

B = By skouernekpunt

B–B1 = 6 mm afwaarts van skouernekpunt.

C = Skouerlengte plus verlangde moulengte. Teken ‘n lyn van B1 deur A na C

D = 2,5 cm onder die synaat onder die arm. Gebruik die onderarm om af te werk van C om E op lyn D te kry.

E–G = Maak die helfte van die mouomslag se mate geyk

E–F = 2,5 cm na binne. Maak die skouerlyn rond van B1 na A tot G. Verbind G met F vir die mouomslaglyn. Maak die onderarmsoom rond vir ‘n stywe mou of laat sak die ronding vir ‘n losser passing.

Kopiereg voorbehou

BACK

I = Agterskouernekpunt

I = I1 = 1,5 opwaarts. Maak die nuwe agterste nekdeel rond. Plaas die voorkant B1 oo die agterkant met die synate op mekaar. Trek die nuwe mou en mouomslag se buitelyn. (25)

6.2 MANDARYNKRAAG

0 = Regter boonste hoek. Maak reguit na buite en ondertoe.

0–1 = Helfte van die nekgrootte na links (42 cm nekgrootte)

0–3 = 6,5 cm afwaarts

1–2 = 0–3. Verbind 1–2

3–4 = 1,5 cm opwaarts

1–5 = 2 cm afwaarts. Maak rond van 0–5 vir die kraagneklyn en verleng die lyn.


5–6 = Wydte draai oor 1,5 cm op die verlengde lyn na links. Maak ronding van 6 na 2 en van 2 na 4 vir die kraagwydte. (25)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200


Kopiereg voorbehou

BYLAE A



Kopiereg voorbehou

BYLAE B



Kopiereg voorbehou